
# Camões in Afrikaans: vertaling van die gedeelte uit *Os Lusíadas* wat oor die Suidpunt van Afrika handel

***Camões in Afrikaans: a translation of the section in Os Lusíadas relating to the southern tip of Africa***

**Schalk W. le Roux**
Buitengewone professor, Departement Argitektuur,
Universiteit van Pretoria
schalk.leroux@telkomsa.net

**O.J.O. Ferreira**
Ereprofessor, Departement Historiese en Erfenisstudies,
Universiteit van Pretoria
ojof@lantic.net

Schalk W. le Roux O.J.O. Ferreira

| | |
|---|---|
| **Schalk le Roux** is die outeur/redakteur van 8 boeke, asook 70 artikels en bewaringsverslae aan verskeie stadsrade en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (nou SAHRA). Hy het die grade M.Arch en Ph.D (Argitektuur) aan die Universiteit van Pretoria verwerf na studieperiodes in Italië en Frankryk. Sy belangstelling is Moslemargitektuur, slawe in die Suid-Afrikaanse boubedryf en bewaring. Van 1997 tot 2003 was hy die hoof van die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria. In 1995 het hy 'n merietetoekenning van die Instituut van Argitekte vir sy vier studies oor die geboue van Pretoria ontvang en in 2003 is 'n erepenning vir argitektuur deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. | **Schalk le Roux** is the author/editor of 8 books as well as 70 articles and conservation reports to various city councils and the Council of National Monuments (now SAHRA). He obtained the degrees MArch and PhD (architecture) from the University of Pretoria after study periods in Italy and France. His interests are the architecture of Islam, slaves in the South African building industry and conservation. From 1997 to 2003 he was head of the Department of Architecture, University of Pretoria. In 1995 he received a merit award from the South African Institute of Architects for his four studies on the buildings of Pretoria and in 2003 he was awarded a medal of honour by the S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. |
| **Ockert Jacobus Olivier Ferreira** is die outeur/redakteur van 18 boeke en 85 artikels. Hy het die grade D.Litt et Phil (Geskiedenis) aan UNISA en D.Phil. (Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Van die F.A.K. het hy die Prestige Prys vir die Bevordering van Geskiedenis in 1994 ontvang, terwyl erepennings vir die bevordering van Kultuurgeskiedenis deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (1994), die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde (1998) en die S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (1999) aan hom toegeken is. In 2004 het die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n tweede erepenning aan hom toegeken vir sy bydrae tot die opskrifstelling van die geskiedenis van die betrekkinge tussen Suid-Afrika en Portugal. | **Ockert Jacobus Olivier Ferreira** is the author/editor of 18 books and 85 articles. He received from UNISA a D.Litt. et Phil. (History); and from the University of Pretoria a D.Phil. (Cultural History). He was awarded the Prestige Prize for the Advancement of History by the F.A.K. (1994); and medals of honour for his contribution to Cultural History by the S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (1994), the Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde (1998), and the S.A. Society for Cultural History (1999). In 2004 he was awarded a second medal of honour by the S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns for his contribution to the recording of the history of the connection between South Africa and Portugal. |

**ABSTRACT**

***Camões in Afrikaans: a translation of the section in Os Lusíadas relating to the southern tip of Africa***

*During its "golden age" Portugal amazed the world with its great voyages of discovery. It was therefore appropriate that an epic poet of the time should record the achievements of his contemporaries for posterity. That poet was Luís Vaz de Camões (c. 1524-1580), the creator of the timeless epic* Os Lusíadas *(The Lusiads). In this heroic poem Camões, through his brilliant depiction of Adamastor, created an enduring myth.*

*There are different theories about Camões's motivation in creating the Adamastor myth. Vasco da Gama's battle against the howling south-easter off the Cape in November 1497 undoubtedly inspired the poet more than half a century later. The similarity between Camões's fatal love for a lady-in-waiting at the royal court in Lisbon and his consequent exile to the East and that of Adamastor's love for Thetis and his exile to the southern tip of Africa seems to be more than mere coincidence. When the* Sao Bento*, in which Camões sailed to the East in 1553, rounded the Cape, the sea was particularly stormy and the south-easter caused heavy clouds to hang over Table Mountain. This frightening personal experience had a profound effect on Camões, and thus the giant Adamastor probably took shape in his agitated mind. Camões was eminently suited to being the writer of the epic of Portugal because he not only knew the history of his country but was also well versed in Greek and Roman mythology, which must have inspired the creation of Adamastor.*

*In* Os Lusíadas *Camões depicts both the glory and the decline of the Portuguese empire. The essence of the narrative is Vasco da Gama's voyage to India, but the poet has ingeniously woven the earlier history of Portugal into the course of the narrative by making Da Gama relate the history of his people to the friendly king of Malindi on the eastern coast of Africa.*

*In Canto V, stanzas 37 to 61, Camões tells the story of Adamastor. When Da Gama's fleet approaches the Cape a terrifying cloud appears overhead, taking the shape of a powerful, monstrous being. The misshapen, bearded figure threatens the mariners who sail the seas over which he has long held solitary sway. He has a grudge against the Portuguese because he envies them their freedom of movement, their boldness and their excellence. He predicts disasters, shipwrecks and loss of life for those who dare to sail round the Cape of Storms. Adamastor tells of his revenge on Dias for being the first to sail these waters, the grave he has prepared for De Almeida, and the fate that will overtake Sousa de Sepúlveda and other castaways on the South African coast.*

*While Adamastor continues his prophecies about the misfortunes awaiting the Portuguese, Da Gama interrupts him brusquely and asks him who in fact he is. Adamastor with a mighty roar and in a voice heavy with bitterness replies that he is the great hidden cape called the Cape of Storms by the Portuguese. He is one of the giants, a child from the marriage of Uranus and Earth, who rebelled against the gods of Olympus. He tells them the pitiful tale of his love for Thetis, the sea nymph whom he wooed but who spurned him because of his repulsive appearance. Because of his rebellion against the gods and his illicit love for Thetis, Adamastor was punished by the gods. They changed him into a rugged mountain at the southern tip of Africa, where he has to guard the southern seas and bring death to the sons of Luso who want to sail past him.*

*In Adamastor Camões created a new mythological figure, the only great figure added to mythology since the classical period. By placing him at the Cape of Storms the poet brought southern Africa into the realm of the classical gods.*

*According to the South African author Stephen Gray the figure of Adamastor is at the root of all subsequent white semiology invented to cope with the African experience. Adamastor is*

*ominous and hostile and is observed across a divide: he belongs to an older but conquered culture and may annihilate the new European enlightenment if he is allowed within its borders. Vasco da Gama and Adamastor, as depicted by Camões, were therefore, in Gray's view, the beginning of the racist mythology on which white supremacy in South Africa is based. The Portuguese author António Figueiredo differs from this viewpoint and points out that* Os Lusíadas *and the Adamastor legend are above purely human and racial antagonisms and that they serve rather as a symbol of man's defiance of the elements. The Adamastor myth represents the triumph of the Portuguese over the untamed forces of nature as well as their reward which lay in their becoming the rulers of the oceans.*

Os Lusíadas *has been translated into many languages. Although parts of it were translated into Afrikaans by André P. Brink, D.P.M Botes and René Immelman, it has never been done in verse form. The section relating to Adamastor (Canto V, 37-61) was translated for this article.*

**KEY CONCEPTS:** Adamastor; Luís Vaz de Camões; myths; Portuguese epic; translation

**TREFWOORDE:** Adamastor; Luís Vaz de Camões, mites, Portugese epos; vertaling

**OPSOMMING**

In sy epiese gedig *Os Lusíadas* het Camões (*ca.* 1524-1580) tegelykertyd die glorie en ondergang van die Portugese ryk verwoord. Hy was 'n nasionale digter en sy meesterwerk is van die begin tot die einde aan die verhaal van sy heroïese volk gewy. Die kern van die verhaal is Vasco da Gama se reis na Indië (1497-1498) en is gegrond op die skeepsjoernaal wat Álvaro Velho aan boord van die *São Rafael* in Da Gama se vloot gehou het. Maar die digter het die voorafgaande geskiedenis van Portugal in sy epos ingewerk deur Da Gama die geskiedenis aan die heerser van Malindi te laat vertel. Die gebeure ná sy reis word gedeeltelik deur Da Gama self verwoord, maar ook deur die sinistere voorspellings van Adamastor, die gees van die Stormkaap. Camões vertel in sy *Os Lusíadas* die verhaal van Adamastor in kanto V, stansas 37 tot 61. Adamastor verskyn aan die Portugese in 'n vreesaanjaende vorm, vervloek hulle omdat hulle sy oseaan bevaar en voorspel dood en noodlot vir toekomstige togte. Hy vertel ook aan hulle sy verhaal en hoekom hy deur die gode na die suidpunt van Afrika verban is. *Os Lusíadas* is in vele tale vertaal. Slegs kort gedeeltes is in Afrikaans oorgesit en 'n poging is nog nie aangewend om die Adamastor-gedeelte in versvorm te vertolk nie. Dié gedeelte word in hierdie artikel in verband geplaas en in vertaalde vorm aangebied.

## INLEIDING

Van die middel van die 15de tot die middel van die 16de eeu het Portugal die wêreld met sy groot ontdekkingsreise verstom en het hierdie tydperk as sy "Goue Eeu" bekend geword. Dit was daarom gepas dat 'n epiese digter sy land- en tydgenote se prestasies vir die nageslag sou verwoord. Daardie digter was Luís Vaz de Camões (*ca.* 1524-1580), die prins onder Portugese digters en skepper van die tydlose epos *Os Lusíadas* (Nowell 1952: 122; De Kock 1957: 218).

In 'n lesing oor "Camoens and the epic of Africa" op 28 Augustus 1909 aan die Transvaalse Universiteitskollege (die huidige Universiteit van Pretoria) het prof. John Purvis (*1877) die stelling gemaak dat Camões die vader van die blanke digkuns in Suid-Afrika is. Hy het *Os Lusíadas* nie slegs as die eerste nie, maar ook die grootste digwerk van Suid-Afrika bestempel en dié epos as ons bydrae tot die Renaissance beskou. Met hierdie uitsprake kan Stephen Gray hom nie vereenselwig nie, want minder as 'n tiende van die epos handel oor ervarings in Suid-Afrikaanse gebiedswaters en volgens hom het die digwerk vir weinig Suid-Afrikaners enige betekenis (Gray 1979:15-17; Gray 1980:4). Camões se Portugese epos is in Suid-Afrika inderdaad betreklik onbekend en tot op hede is daar nog geen volledige Afrikaanse vertaling daarvan beskikbaar nie.

## CAMÕES EN SY EPOS

### Lewensloop

Luís Vaz de Camões was indirek aan Vasco da Gama verwant en is waarskynlik in 1524, die sterfjaar van Da Gama, gebore. As student aan die Universiteit van Coimbra, het Camões met die Latynse digters en die Griekse en Romeinse mitologie kennis gemaak. Teen 1544 het Camões in Lissabon gewoon, waar hy in 'n fatale liefdesverhouding met een van die hofdames aan die hof van koning João III (1502-1557) betrokke was en as gevolg daarvan as straf in 1547 as soldaat na Keuta in Marokko gestuur is, waar hy sy regteroog in 'n geveg met die More verloor het. Na sy terugkeer na Lissabon was hy arm, voortdurend in "straatgevegte" betrokke en het selfs in 'n tronk beland. Hy is deur koning João III begenadig op voorwaarde dat hy van 1553 af in Indië militêre diens sou gaan doen. Aan boord van die *São Bento* het hy in 1553 in stormweer om die Kaap na die Ooste gereis; 'n vreesaanjaende ervaring wat 'n onuitwisbare indruk op Camões gemaak het.

In die Ooste het hy rondgeswerf. Op een van sy seereise het die skip gestrand en het Camões al sy aardse besittings verloor – met die uitsondering van die deurweekte en halfvoltooide manuskrip van *Os Lusíadas*. Tydens sy poging om uit sy "ballingskap in die Ooste na Portugal" terug te keer, was hy weens siekte en armoede verplig om van 1567 tot 1569 op Ilha de Moçambique te verwyl. Hy het hierdie tydperk verpes en 'n hoon jeens en afsku vir die Afrika-kontinent ontwikkel. In 1570 was hy, brandarm en verwaarloos, terug in Portugal. Sy *Os Lusíadas* is in 1572 gepubliseer, maar het aanvanklik weinig aandag getrek. In 1580 het hy as armlastige aan die pes gesterf. Eers drie eeue later is 'n simboliese praalgraf vir hom teenoor dié van Vasco da Gama in die Jeronimus-kloosterkerk in Belém, Lissabon, opgerig, want niemand kon sy laaste rusplek bo alle twyfel vasstel nie (Bacon 1950: xi-xxx; Wohlrabe & Krusch 1965:110-111; Stephens 1891: 268-271; Nowell 1952:122-134).

### *Os Lusíadas*

Camões was uitnemend geskik om die epos van Portugal te skryf omdat hy sy land se geskiedenis goed geken het en terselfdertyd 'n kenner van die Griekse en Romeinse mitologie was. Hy was 'n bedrewe Latinis en hoewel hy waarskynlik Grieks bestudeer het, het hy na alle waarskynlikheid die Griekse skrywers deur Latynse vertalings van hulle werk leer ken (Taylor 1990:12; De Oliveira 1962:24-25).

In sy epiese gedig *Os Lusíadas* (Die Seuns van Lusus) het Camões tegelykertyd die glorie en ondergang van die Portugese ryk verwoord. Hy was 'n nasionale digter en sy meesterwerk is, soos die titel aandui, van die begin tot die einde aan die verhaal van sy heroïese volk gewy (Taylor 1990:13). Die kern van die verhaal is Vasco da Gama se epogmakende reis na Indië (1497-1498) en is gegrond op die logboek wat Álvaro Velho aan boord van die *São Rafael* in Da Gama se vloot gehou het. Maar die digter het die voorafgaande geskiedenis van Portugal op 'n vernuftige wyse in sy epos ingewerk deur Da Gama die geskiedenis van sy volk aan die goedgesinde heerser van Malindi aan die Ooskus van Afrika te laat vertel. Die gebeure ná Da Gama se reis word gedeeltelik deur Da Gama self verwoord, maar ook deur die sinistere voorspellings van Adamastor, die gees van die Stormkaap (Nowell 1952:122; Eppstein 1967:95-96; Stephens 1891:272). Maar die leser moet in gedagte hou dat wat vir Da Gama profesie was, vir Camões se generasie al in die geskiedenis vasgelê was.

In *Os Lusíadas* is daar 'n vermenging van die klassieke mitologie en Christelike simbolisme (Gray 1979:18). Vir Voltaire (1694-1778) was hierdie vermenging van die heidense gode met die Christelike godsdiens onverskoonbaar (Mickle & Hodges 1907:xxvi), maar dan moet in gedagte gehou word dat hierdie vermenging tipies van die Renaissance-styl was waar hierdie twee wêrelde

gemaklik met mekaar versoen kon word. Trouens, *Os Lusíadas* is al die epos van die Humanisme genoem (Taylor 1990:19-20).

## ADAMASTOR, GEES VAN DIE STORMKAAP

### Strekking van die Adamastor-mite

In *Os Lusíadas* het Camões 'n blywende en indrukwekkende mitologiese figuur geskep wat direk aan die suidpunt van Afrika gekoppel kan word, naamlik Adamastor. Camões vertel in sy *Os Lusíadas* die verhaal van Adamastor in kanto V, stansas 37 tot 61. Hierdie episode neem 'n sentrale plek in *Os Lusíadas* in; dit is nie slegs in die middel van die epos geplaas nie, maar het ook ongeveer op die halfwegpunt van Da Gama se reis plaasgevind (Pierce 1972:207 & 210; De Castro 1972:3-18). Selfs Voltaire, wat baie krities ten opsigte van Camões se epos was, het waardering vir sy uitbeelding van Adamastor se verskyning gehad en was daarvan oortuig dat 'n skepping van hierdie aard met sy grootsheid van uitbeelding en verhewenheid van uitdrukking in alle eeue en onder alle volke bewondering sou afdwing (Aubertin 1878:xxxii; Mickle & Hodges 1907:xxv-xxvi). Veral in die 19de en 20ste eeu is daar met nuwe waardering na Camões se uitbeelding van Adamastor gekyk, sodat die betrokke kanto byvoorbeeld in 1835, 1883, 1888 en 1897 as selfstandige publikasies in Portugees die lig gesien het (Pierce 1972:208-209).

Camões begin die verhaal van Adamastor met die aanvang van Da Gama se reis, die eerste botsing tussen die Europeërs en die inheemse mense van Afrika, die Kaapse storms wat woed en dan die verskyning van die monster, Adamastor. Toe Da Gama en sy bemanning die Kaap van Storms genader het, het 'n donker, vreesaanjaende wolk bokant hulle verskyn en die vorm van 'n gespierde, monsteragtige wese aangeneem. Hierdie misvormde, bebaarde figuur, met 'n bose en dreigende uitdrukking op sy gesig, se hare was vol modder en in sy swart mond was daar vergeelde tande. In 'n lae, onheilspellende stem het die reus die seevaarders verwyt wat dit durf waag het om op die seë te vaar waaroor hy lank alleen heerskappy gevoer het. Hy het 'n wrok jeens die Portugese gehad omdat hy hulle hulle beweeglikheid, onverskrokkenheid en voortreflikheid beny het. Hy het onheile, skipbreuke en lewensverlies voorspel vir diegene wat dit sou waag om óm die Kaap van Storms te vaar. Adamastor het vertel van sy wraak op Bartomoleu Dias omdat hy die eerste ontdekkingsreisiger was wat hierdie see bevaar het, van die graf wat hy vir Francisco de Almeida voorberei het en die lot wat Manuel de Sousa de Sepúlveda en ander skipbreukelinge aan die Suid-Afrikaanse kus sou tref (Letzring 1973:21-22; De Kock 1957:140; Gray 1979:24-26).

Terwyl Adamastor besig was om voort te gaan met sy voorspellings oor die onheile wat die Portugese sou tref, het Da Gama hom bruusk in die rede geval en gevra wie hy was. Adamastor het sy groot swart oë gerol, terwyl sy mond vertrek het en hy met 'n bulderende stem vol bitterheid geantwoord het dat hy die verborge kaap is, die kaap wat deur die Portugese die Kaap van Storms genoem word. Die monsteragtige skepsel het die beangste seevaarders daarná vertel dat hy een van die reuseseuns was, 'n kind uit die huwelik tussen Uranus en die Aarde, en dat hy teen die gode van Olimpus gerebelleer het. Hy het hulle die droewige verhaal van sy liefde vir Thetis, die uitlokkende seenimf, vertel. Hy het haar die hof gemaak, maar sy het hom as gevolg van sy afskuwelike voorkoms verwerp (De Kock 1957:140; Gray 1979:24-26 & 36; Potgieter 1970:17; Bergh 1988:23).

Weens sy rebellie teen die gode van Olimpus en sy ongeoorloofde liefde vir Thetis, is Adamastor deur die gode gestraf. Hulle het hom in 'n ruwe rotsberg aan die suidpunt van Afrika verander, waar hy die suidelike oseane moes bewaak en die dood moes bring aan die seuns van Lusus, die Portugese, wat die Kaap wou omseil. As gevolg van sy beweginloosheid kon hy nie weer 'n

poging aanwend om die see en die liefde van Thetis te verower nie. Asof reeds getem, berustend en kwasi-Portugees, het die woeste Adamastor dit nie verder durf waag om die vaarte van die Portugese seevaarders te ontwrig nie (De Sousa 1972:10; Robinson 1922:202-203; De Kock 1957:140).

**Oorsprong en betekenis van die Adamastor-mite**

Daar bestaan uiteenlopende teorieë oor die rede waarom Camões die Adamastor-mite geskep het. Vasco da Gama (*ca.*1469-1524) se verbete stryd teen die tierende suidooster by Kaappunt in November 1497 het ongetwyfeld die digter 'n halfeeu later geïnspireer. Toe die *São Bento*, die skip waarmee Camões in 1553 na die Ooste gereis het, om die Kaap gevaar het, was die see besonder onstuimig en was die suidooster daarvoor verantwoordelik dat digte wolke oor Tafelberg gehang het. Hierdie vreesaanjaende persoonlike ervaring het 'n blywende indruk op Camões gelaat en was waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat die reus Adamastor in sy verontruste verstand vorm aangeneem het (Atkinson 1973:17; Welch 1948:447-448; Gray 1979:27). Sommige skrywers is van mening dat Camões die Adamastor-figuur geskep het vanweë sy verafskuwing van die Afrika-kontinent wat ontstaan het toe hy 'n poging aangewend het om uit sy ballingskap van die Ooste na Portugal terug te keer, maar weens siekte en armoede verplig was om van 1567 tot 1569 op Mosambiekeiland deur te bring (Taylor 1990:12; Gray 1979:17).

Volgens die Suid-Afrikaanse skrywer Stephen Gray (Gray 1980:27) vorm die Adamastor-figuur die grondslag van die latere voortekenleer wat deur blankes bedink is om die Afrika-ervaring te kan baasraak. Adamastor is onheilspellend en vyandig en hoort tot 'n ouer, maar verowerde kultuur en mag die nuwe Europese verligting laat verdwyn. Hoewel hy reusagtig groot is, is sy gedrag wesenlik kinderagtig en gehoorsaam hy paternalistiese opdragte; hy is vatbaar vir liefde, maar slegs op vleeslike vlak. Sy gevalle staat is onontkombaar, maar hy mag weer rebellie koester teen diegene wat hom sy geboortereg ontneem het, sodat sy mag met meerdere vindingrykheid teengestaan sou moes word. Vasco da Gama en Adamastor, soos uitgebeeld deur Camões, was dus volgens Gray die begin van die rassistiese mitologie waarop blanke baasskap in Suid-Afrika gegrond is. Teen hierdie siening het die Portugese skrywer António Figueiredo (Figueiredo 1988:14) beswaar gemaak en daarop gewys dat die Adamastor-legende bo die bloot menslike en rasse-antagonisme verhewe is en dat dit eerder as 'n simbool van die mens se uittarting van die natuurelemente dien. Die Adamastor-mite verteenwoordig dus die Portugese se oorwinning oor die ongetemde natuurkragte en hulle beloning was daarin geleë dat hulle die heersers van die oseane geword het (Taylor 1990:23-24). Tog het Adamastor uiteindelik 'n simbool van al die rampspoed en gruwels van die Portugese seevaartgeskiedenis geword. Adamastor is tegelyk 'n verhewe mitologiese en selfbejammerende, patetiese menslike figuur (Gray 1979:24).

In Adamastor het Camões 'n nuwe mitologiese figuur geskep, die enigste groot figuur wat sedert die klassieke tydperk tot die mitologie toegevoeg is. Deur Adamastor aan die Kaap van Storms te plaas, het die digter Suider-Afrika binne die invloedsfeer van die klassieke gode gebring (Taylor 1990:110).

In Suid-Afrika het talle Engels- en Afrikaanstalige digters oor geslagte heen Camões se navolgers geword. Dit is gepas dat hy hulle boegbeeld geword het, want as gevolg van ons ryke kulturele verskeidenheid is dit vir ons digters waarskynlik noodsaakliker as vir dié van baie ander wêrelddele om 'n sintese tussen die literêre en historiese ervarings te bewerkstellig – 'n gawe waaroor Camões by uitnemendheid beskik het. Na aanleiding van Camões se siening by monde van sy held in *Os Lusíadas*, Vasco da Gama, dat die binneland van Afrika boos, donker en ongeskik vir menslike bewoning is, het Stephen Gray (1980:2-3 & 6) opgemerk dat baie van die temas wat in kanto V van Camões se werk aangesny word steeds tot die tematiek van Suid-Afrikaanse skrywers behoort.

**VERTALINGS**

Wat vertalings van *Os Lusíadas* betref, is daar talle in Spaans, Engels, Italiaans, Frans en Duits. Ander tale waarin *Os Lusíadas* vertaal is, sluit in Latyn, Sweeds, Deens, Nederlands en Russies, terwyl gedeeltes van die epos ook in Grieks vertaal is. 'n Uitsonderlike vertaling is die een in Hebreeus. Eksemplare van die meeste van hierdie vertalings word in die Camões-versameling in die Biblioteca Nacional in Lissabon bewaar.

Benito Caldera se vertaling van *Os Lusíadas* in Spaans, *Los Lusiadas de Luí Camões* (Alcalá de Henares: Juan Gracian, 1580), en dié van sy landgenoot Luis Gómez de Tapia, *La Lusiada po Camões* (Salamanca: Juan Perier, 1580), was waarskynlik die eerste vertalings van die epos. Daarna het nog talle Spaanse vertalings en herdrukke van die vertalings gevolg, soos dié van Henrique Garces (Madrid, 1591), Conde de Cheste (Madrid, 1872), Manuel Aranda y Sanjuan (Barcelona, 1874), Lamberto Gil (Madrid, 1887), Ildefonso Manuel Gil (Madrid, 1955) en dié van die Argentyn Fidelino de Figueiredo (Buenos Aires, 1952).

Die eerste van vele Engelse vertalings van *Os Lusíadas* was dié deur Richard Fanshawe, *The Lusiad, or, Portugals historicall poem: written in the Portingall Language by Luis de Camoens and now newly put into English* (London, 1655). Daarna het onder meer gevolg die vertalings in versvorm deur William Julius Mickle (London, 1776), Thomas Moore Musgrave (London, 1826), Edward Quillinan (London, 1826), John James Aubertin (London, 1878), Richard Francis Burton (London, 1880), Robert French Duff (Lisbon, London & Philadelphia, 1880), Leonard Bacon (New York, 1950) en, in prosavorm, dié van William C. Atkinson (Middlesex, 1952). Die meeste van hierdie Engelse vertalings het talle herdrukke beleef. Die vertaling van Aubertin word as een van die getrouste aan die oorspronklike Portugees beskou. Hy het jare lank in Brasilië gewerk en 'n deeglike kennis van die taal gehad.

Carlo Antonio Paggi het *Os Lusíadas* in Italiaans vertaal en dit is gepubliseer onder die titel *Lusiada italiana: poema eroico del grande Luigi de Camoens* (Lisbona, 1658) en aan pous Alexander VII opgedra. Daarna het nog nog vier Italiaanse vertalings in versvorm gevolg, waaronder dié van Miguel Antonio Gazzano (Torino, 1772), T.J. de Aquino (Roma, 1802) en Antonio Nervi (Genova, 1814).

Duperron de Castera, 'n Cisterciënser-monnik van die Santa Maria de Alcobaça-klooster op Alcobaça in Portugal, het *Os Lusíadas* in Frans vertaal en dit is onder die titel *La Lusiade du Camoens: poeme heroique sur la découverte des Indes Orientales* (Paris, 1735) uitgegee. Daarna het nog drie Franse vertalings in prosavorm gevolg, waarvan Jean François de la Harpe se *La Lusiade de Louis Camoens: poeme heroique en dix chants* (Paris, 1776) en die latere uitgawes daarvan (Paris, 1813 & 1820), waarskynlik die belangrikste is.

Wat Nederlandse vertalings van *Os Lusíadas* betref, is daar, sover bekend, slegs Lambartus Stoppendaal se *De Lusiade van Louis Camoëns; heldendicht in X zangen naer het Fransch* (Middelburg & Amsterdam, 1777), maar dit is in prosavorm en is bowendien nie uit die oorspronklike Portugees vertaal nie, maar is 'n tweedehandse vertaling uit Frans. Die waarde van dié vertaling is dus beperk.

In die 19de eeu het verskeie Duitse vertalings en herdrukke van vertalings van *Os Lusíadas* die lig gesien. Een van die eerste vertalings was die van C.C. Heise, *Die Lusiade: Heldengedich von Camoens* (Hamburg & Altona, 1806-1807). Dit is gevolg deur die vertalings van onder andere Friedrich Adolph Kuhn en Carl Theodor Winkler (Leipzig, 1807), J.J.C. Donner (Stuttgart, 1833); Karl Eitner (Hildburghausen, 1869); U.E. Wollheim da Fonseca (Leipzig, 1879) en Otto Freiher von Taube (Gluckstadt, 1949).

In 1898, tydens die vierhonderdjarige herdenking van Da Gama se ontdekking van die seeroete na die Ooste, het Ernesto Moreira de Sá 'n bundel saamgestel waarin die onderskeie stansas van *Os Lusíadas* elkeen in ses verskillende tale oor twee bladsye gedruk is. Die titel daarvan is *A Viagem de Vasco da Gama: Trechos que mais se prendem com assumpto, tirados do poema de Luiz de Camões 'Os Lusiadas' acompanhados de versões em hespanhol, italiano, francez, allemão e inglez* (Lisboa, 1898).

Plaaslik is hoofsaaklik op oorsese Engelse vertalings staatgemaak. Die gedeelte van *Os Lusíadas* wat oor suidelike Afrika handel, is in 1988 deur die Suid-Afrikaanse digter Guy Butler in versvorm in Engels vertaal (Smith 1988:47-83). Roger C. Fisher het die stansas uit kanto V wat oor Adamastor handel onlangs (2005) in vryeversvorm in Engels oorgesit, maar dié vertaling het nog nie in druk verskyn nie.

Sover bekend, bestaan daar geen gepubliseerde Afrikaanse vertaling van *Os Lusíadas* in sy geheel nie. Enkele stansas is deur André P. Brink vertaal en in sy *Fado: 'n reis deur Noord-Portugal* (1970) en *Die eerste lewe van Adamastor: 'n novelle* (1988) opgeneem. René F. Immelman (1936) het die stansas wat op die omseiling van die Kaap betrekking het in prosavorm vertaal. Dit is in *Die Huisgenoot* gepubliseer. Die digter D.P.M. Botes het ook die gedeelte wat oor die verskyning van Adamastor aan Vasco da Gama handel in poëtiese prosavorm vertaal en dit is in Ferreira (1995:34-37) se studie oor dié mitologiese figuur opgeneem. Hierdie Afrikaanse vertalings van gedeeltes uit *Os Lusíadas* in prosa- of versvorm het bewys hoe treffend die Portugese epos in Afrikaans kan klink.

Vir hierdie artikel is stansas 37-61, die gedeelte wat oor Adamastor handel, vir die eerste keer uit die Portugees in versvorm in Afrikaans vertaal nadat dit woordeliks met Franse, Italiaanse, Engelse en Duitse vertalings vergelyk is.[1] Die vertaling word voortgesit om die volle gedeelte wat oor die suidkus en ooskus van Afrika tot by Da Gama se vertrek vanaf Mombasa handel, te voltooi.

**DIE LUSÍADAS VAN LUÍS VAZ DE CAMÕES, KANTO V: STANSAS 37-61**

37
'Vyf keer het die son reeds hoog oor ons verby gegaan,
Van ons daardie kus[2] verlaat het en kliefend skeur
Ons skip die see, geenmaal deur 'n kiel gebaan,
Maar ons het lig voor die rugvars winde uitgebeur:
Toe, een nag terwyl ons sorgeloos die gladde laan
Van die boeg se skuimsny dophou in ons trae sleur,
Verskyn meteens 'n wolk wat die hemel bo verduister,
Laag oorhoofs, en ons in 'n somber skadu kluister.

38
'Dit het onbeheerd gegroei en dreigend daar bly hang
En ons harte het met onverbloemde vrees gepaar:
Die donker see het diep gebulder en veraf het sy gang
Geraas, asof dit sinloos vasslaan teen 'n rotsrif daar.
"O Almagtige!", het ek na Bo[3] geroep, "ek verlang
rede vir die onheil – Wat bedreig ons, wat is die gevaar
Wat hierdie gordel en hierdie see aan ons wil leer,
Wat is dit wat U teister en wat wat so verteer?"

39
‘Terwyl ek nog gepraat het, het ’n reusagtige figuur
Teen die skemer opgestaan, robuus en fors,
’n wangemaakte romp wat teen die lae wolke skuur,
Sy gesig gekwel en stuurs, sy baard vuig bemors,
Gloeiende oë was diep gesonke, sy voorkoms guur
En smeulend boos, die gelaat was bleek gekors,
Elke gewringde haar was verstrengel in slik en grond,
En die tande geel in die donker gaping van sy mond.

40
‘So enorm was elke ledemaat van die groot kolos
dat ek hier kan getuig dat hy slegs geringer as
die buitengewone en reuse beeld[4] op Rhodos,
een van die sewe wonders van die wêreld, was:
Sy stemtoon het gruwelik geklink asof dit los
Geruk is van die bodem en uit die see se diepte kras:
Ons hare het gerys, bloed het gekil en wild verstoor
In my en almal, net om hom te sien, sy stem te hoor.

41
‘Hy het gesê : “O mense, meer kordaat as alle ander,
En julle in die wêreld aan groot roepings wil verbind,
Wat voor oorlog, wreed en groots, nie wyk en skrander
Voor ydel werk nie rus, geen vrede soek of vind:
Omdat julle die oergeperkte grense wil verander,
My ongerepte deinings waag seil teen die wind,
Waaroor ek reeds lank selfsugtig waghou en bewaar,
Teen vreemde bote, selfs deur my eie[5] nooit bevaar:

42
‘ “Siende dat julle hier gekom het om die geheimenis
Van die natuur en van die wye oseane te ontbloot,
Aan geen mens gegun nie, wie of wat hy ookal is,
Edel of onsterflik, sy verdienste ook hoe groot;
Luister vervloektes en hoor die verdoemenis,
Vir julle tartende houding sal ek julle verstoot
In elke streek van hierdie aarde en oor veraf seë,
Wat nog oorwin sal word in jul leë oorlogsweë.

43
‘ “Weet dat, wanneer julle bote seil langs hierdie weg,
Wat u nou oopbreek en met dieselfde krag en moed,
Vyandigheid in hierdie streek sal teëkom, en beleg
Deur winde, teen genadelose storms onbehoed
Sal wees : die eerste vloot[6] wat deur my waters veg
Sal voor teisterende golwe hulpeloos moet boet,
Ek sal alles self bestier vir hul verdiend’ kastyding
Met gevare, rampspoed en oneindigende lyding.

44
‘ “En, as ek myself nie verloën nie, beloof en sweer
Ek, teen hom[7] wat my onthul het, onbeheerste wraak:
Aan die einde van my slenters sal daar geen keer
Wees vir die dwase volharding met u astrante saak;
Wanneer julle skepe elke jaar verskyn, meer en meer
(as my oordeel eg is en dit volbring kan raak)
Skipbreuk, gevaar van alle soorte en ongekende vrees,
Totdat dood die minste van euwel ongeluk sal wees.

45
‘ “Julle groot, vermaarde held,[8] wat deur geluk te daag
Roem verwerf het, selfs na die hemele se maat,
Om sy nuwe en ewige tombe te wees, sal my behaag,
En ook God se diep verborge wil kan baat:
Hier, na oorwinning teen die Turkse vloot gewaag
Sal hy sy trots gewonne segetekens agterlaat,
Vir sy skuld het ek algehele vernietiging gekies
As betaling vir Kilwa en Mombasa se verlies.

46
‘ “ ’n Ander ridder[9] sal hom volg, hy van verworwe faam,
’n Edel man, vrygewig en met sy brawe hart betower,
En naas hom die pragtige vrou wat dan sy naam
Sal dra, deur liefde se genade deur hom verower:
Droewe bestemming en somber noodlot sal hul saam
Lok na my ryk, waar ongebonde woede hulle power
En wreed sal laat oorleef na hartelose stranding,
Met barensweë onhoudbaar teen die branding.

47
‘ “Hulle sal hul eie kroos sien sterf in hongergreep,
Kinders verwek en getoë in tere liefdesloop:
Die grypsug van struikrowers sal hul leer, opgesweep
Om selfs die klere van haar lyf te stroop:
Ledemate, eens helder soos kristal, nou voortgesleep
deur koue, hitte, stormwind en weer, slegs met hoop
Aanstrompel langs ’n vae en eindelose roete,
Oor verlate strande, brandend onder delikate voete.

48
‘ “En veel meer sal die oë van hulle wat bly leef
Soveel kwaad en soveel seerheid moet aanskou,
Die twee geliefdes wat deerlik aan behoud bly kleef
In drukkende en onverbiddelike ruigtes vasgeklou:
Selfs die klippe sal week word[10] voor hul pyn: Omgeef
Deur trane van verdriet, suiwer leed en rou,
Vir laas omhels, voordat siel na siel kan dryf
Uit die nou geskonde tronk van elke moeë lyf.

49
‘Hy het voortgegaan en die afskuwelike boosaard
Het ons lewenslot voorspel, toe ek opstaan en hom
vra: “Wie is u? U is verbasend, ongeëwenaard,
Die omvang van u liggaam het my sekerlik verstom.”
Met verwronge mond, die donker oë rollend en vervaard
En met ’n uitsonderlike en roudiep skreeugrom,
Het hy geantwoord, droef en bitter het hy begin,
Soos een wat ’n vraag moes aanhoor teen sy sin.

50
‘ “Ek is daardie verborge en grootse Kaap, na die tonge
Van die seuns van Lusas, is die stormagtige my naam:
Deur Ptolomeus, Pomponius en Strabo onbesonge
In hul tyd, en ook buite Plinius[11] se breë raam:
Ek is die einde van Afrika se kus, waar dit gedwonge
Na die ooste knak: my voorgebergte sonder faam,
Ofskoon dit tot teen Antartika in die suide daal,
Is nou onteer deur jul honger en beledigende praal.”

51
‘ “Ek was een van die ruwe seuns van moeder aarde,
Broer van honderd-handiges, Ægeus[12] en Enceladus:
My naam is Adamastor[13] en oorlog was my waarde
Teen hom[14] wat die donder bliksems van Vulkanus
Gooi: Om berg teen lug te stapel was nie my swaarde;
Maar die golwende seë wou ek neem, kus tot kus,
Ek was Kaptein van die oseaan en met geen ontsag
Op pad om die armada van Neptunus self te jag.

52
‘ “Liefde vir die uitnemende eggenote[15] van Peleus
Het my bemoedig om haar verleiding te begin,
Geen ander godin van die hemel was my keus,
Die prinses van die branders, geen ander sou ek min:
Een dag sien ek haar met al die dogters van Nereus,
Nakend deur die golwe op die strand uitspeel; Sin
En hunkering het my oorspoel, deur rede onbegrens,
Soos g’n emosie of gevoel geoorloof aan ’n mens.

53
‘ “Omdat dit onmoontlik was om haar te ken
Met my groteske voorkoms en my bruut gebaar,
Het ek gesweer om met wapens my saak te wen,
En aan haar moeder Doris dié besluit verklaar:
Die godin se vrees vir my het haar ontstem:
Maar met ’n fraaie glimlag, openlik en klaar
Het sy gevra : ‘Hoe kan ’n nimf se liefde genoeg wees
Om die verlange van een so groot te kan genees?

54

‘ “ En tog, om hierdie wêreldsee bevryd te laat
Van nog ’n oorlog, wil ek my optrede nie verwring,
Sodat my eer vrygestel kan wees van kwaad”:
Hierdie woorde het haar bode my gebring.
Beskeie het ek geen lis verwag en geen smaad,
(hoe groot tog is die liefde se verblinding)
Alle rede is voor verwagtings weggestroop,
My bors barstens van begeerte en vol hoop.

55

‘ “Alreeds verraai en oorlog klaar deur my verhoed,
Een nag soos deur Doris belowe, so het ek gemeen,
Van ver kom die beeldskone gees my tegemoet,
Die skone blanke Thetis, nakend en alleen:
Soos ’n gek het ek met arms oop na haar gespoed,
Hierdie arms wat altyd leeg was maar geseën
Om daardie wese te omvou, ek wou die mooi en rare
Oë soen, en dan die nek, die wange en die hare.

56

‘ “Helaas, hoe om oor my hartseer te kan vertel!
So seker was ek dat my beminde in my arms was,
Net om te vind dat ek harde bergklip daarin knel,
Ruwe landskap, oorgroeide wildernis en gras:
Staande voor ’n rots – vlak teen vlak gestel –
In stede van die fraai engelliggaam teen my vas,
Ek was nie meer man nie, maar stom en stil versteen,
Geboei soos een vaste rotsklip teen ’n ander een.

57

‘ “O nimf, die mooiste van die onbegrensde oseaan,
Hoewel ek met ruwe voorkoms jou nie kon toom,
Wat sou dit kos om my oortreding te ontdaan,
Was dit berg, wolk, niets of net ’n vae droom?
Half besete en in skaamte het ek vandaar gegaan
Om van die oneer wat my getref het weg te skroom,
Ek wou ’n skuilhoek vind deur niemand ooit aanskou,
Waar geen verwondend spotlag ooit aan my kan klou.

58

‘ “Die juiste tyd is al my onstuimige broers verslaan
En het in die uiterste ellende verval, broers ééns so braaf ;
Die valse gode het om beskerming van hul bestaan
Elke een van hulle onder sy eie berg begraaf:
Teen die hemel is ’n geligte hand slegs waan,
Wenend het ek gevlug, afkeer het aan my geskaaf.
Dat ek verlore was het ek eers toe begin om te besef
Wagtend op die straf vir ’n vergryp wat my sou tref.

59
‘ “My vlees het teen die see gestol soos klei, ’n barre muur,
En my lewendige gebeente het klipharde rots geraak,
Hierdie ledemate wat u aanskou en hierdie figuur
Is oor die verre waters uitgestrek, verlaat en naak:
My enorme lyf moes die ellendige straf verduur,
Ek is in hierdie Kaap verander en hier versaak
Deur hemelgode, en om al die wonde, een vir een
Te verdubbel, roer Thetis daagliks om my heen.”

60
‘Sy storie klaar en met ’n aaklige geween in ons ore
Het hy skielik in die skemer voor ons weggeraak:
Die donker wolk het verflenter en die sonore
Kreet het ver en ongebroke oor die oseaan gekraak.
Ek het my hande opgereik na die engelkore
Wat ons tot hier en nog verder moes bewaak,
Van God gevra om perk teen die sware kwaad te stel,
Deur bitter Adamastor oor ons toekoms voorvertel.

61
‘Toe Flegon, Pirois[16] en die ander rosse in volle gang
Deur die ruim galop voor die helder wa van ’n nuwe dag,
Het ons gedobber voor ’n kaap se steil berghang,
Daar waar die herskepte reus ewig sal moet wag:
Ons het begin om stadig langs die kus se wang
Deur die branders oos te sny onder volle seil en vlag,
En na ons verder opgevaar het teen die donker land
Het ons die skip geanker by ’n tweede strand.[17]

## ENDNOTAS

1 Die vertaling is deur Schalk le Roux gedoen met die hulp van ’n Portugeessprekende argitek, Edna Peres, van Johannesburg.

2 Bahia de Santa Elena (Sint Helenabaai), 16 November 1497 (Ferreira 2005:26).

3 In *Os Lusíadas* is daar ’n vermenging van klassieke (heidense) mitologie en Christelike simbolisme. Daar moet onthou word dat hierdie vermenging tipies van die Renaissance-styl was waar hierdie twee wêrelde gemaklik met mekaar versoen kon word (Taylor 1990:19-20; Gray 1979:18). Kyk ook Genesis 6:4.

4 ’n Brons beeld van die songod, Helios, waarmee Apollo later geïdentifiseer is. Dit is deur Chares, ’n 5de eeuse beeldhouer van Lindos op Rhodos gemaak. Dit het naby die hawe gestaan (en nie wydsbeen oor die ingang daarvan nie) en is in 224 v.C. deur ’n aardbewing verwoes (Harvey 1969).

5 *o proprio lenho* = “eie hout”, = bote van die Afrika kus.

6 Na Da Gama se terugkeer in Portugal is ’n volgende vloot onder Pedro Álvares Cabral (*ca.*1457-1520) na Indië gestuur waar hy met slegs ses van sy dertien skepe aangekom het. Bartolomeu Dias (*ca.*1450-1500), die eerste Portugees wat in 1488 om die Kaap geseil het, was die eerste slagoffer van Adamastor se wraak. Hy het in 1500 omgekom toe sy skip, waarvan hy die bevelvoerder in Cabral se vloot was, tydens ’n storm in die Suid-Atlantiese Oseaan gesink het (Ferreira 2005:19-20).

7 Bartolomeu Dias.

8 Francisco de Almeida (*ca.*1450-1510), grondlegger en onderkoning van die Portugese ryk in die Ooste en tweede slagoffer van Adamastor, het in 1510 tydens ’n skermutseling met die inheemse bevolking aan die Kaap roemloos gesneuwel. Kilwa is op 23 Julie en Mombasa op 14 Augustus 1505 deur de Almeida

verower (Ferreira 2002a: 61-69 & 108-130). Meer detail oor hom kom in Kanto X, 26-38 voor.

[9] Stansas 46-49: Manuel de Sousa de Sepúlveda (*ca*.1505-1553), edelman en kaptein van die *São João*, en sy vrou Leonor was die derde slagoffers van Adamastor se wraak. Nadat hulle skip in 1552 by die Mtamvunarivier aan die suidooskus van Afrika gestrand het, het hulle na Mosambiek gestap en onder tragiese omstandighede in die omgewing van Delagoabaai gesterf (Ferreira 2002b:18-45).

[10] Orfeus was 'n beroemde sanger en lierspeler uit Trasië. Met sy musiek kon hy die natuur self betower: wilde diere het hom gevolg, bome en plante het na hom oorgeleun en sy treursange, na die dood van sy vrou Euridike, het selfs die klippe week laat word. Die bekendste episode in die Orfiese legende is sy afdaling na die onderwêreld om Euridike na die aarde terug te bring (Harvey 1969; Van Reeth 1994).

[11] Claudius Ptolemeus (2de eeu n.C.) het 'n teorie oor die relatiewe beweging van die hemelliggame ontwikkel wat tot die tyd van Nicolaus Copernicus (1473-1543) aanvaar is. Pomponius Mela (1e eeu n.C.) was 'n Spaanse aardrykskundige en het in sy *De Situ Orbis* die wêreld van die Middellandse See, die Persiese Golf en Indië beskryf. Strabo (ca. 64 v.C.-19 n.C.) het in sy *Geographica* die fisiese kenmerke, die breë geskiedenis en ekonomiese ontwikkeling van die verskillende dele van die Romeinse wêreld beskryf. Plinius die Ouere (ca. 23-79 n.C.) was die outeur van *Naturalis Historia* en hy het gesterf tydens die uitbarsting van Vesuvius in 79 n.C. (Harvey 1969).

[12] Die honderd-handiges (*Hekatoncheiroi*) was die reuse Kottos, Ægeon (ook Briareos genoem) en Gues. Hulle was die seuns van Uranus en Gaia. Saam met die ander reuse, ook seuns van dieselfde ouers, het hulle teen die gode in opstand gekom, berg op berg gestapel om die hemel te bereik, maar is verslaan en in die aarde opgesluit, Enceladus, wat as die sterkste een beskou is, onder Berg Etna (Harvey 1969; Van Reeth 1994).

[13] Die naam "Adamastor" mag van Bybelse oorsprong wees, want "Adam" vorm kennelik 'n deel van die naam (Dos Santos 1984:627-629). Maar die naam mag ook 'n klassieke herkoms hê. Baie lank is gemeen dat die naam afgelei is van die Griekse woord "adamastos", wat "ongetem" of "wild" beteken. In die *Aeneas* van Publius Virgilius (70-19 v.C.) is daar 'n Adamasto, maar Adamastor kom slegs voor in die *Gigantomachia* van Claudius Claudianus (*ca*.370-*ca*.404) en in *Carmina* van Apollinaris Sidonius (*ca*.430-*ca*.488), beide Latynse skrywers. Maar Camões kon dit ook van François Rabelais (*ca*.1494-1553) oorgeneem het wat in die tweede helfte van sy *Gargantua* die genealogie verstrek van die reuse wat die voorvaders van sy Gargantua en Pantagruel was. Onder hulle is Adamastor, wat honderd koppe gehad het. Of Camões kon, soos Rabelais, die naam oorgeneem het van *Officina* deur die Franse Renaissance-skrywer Ravisius-Textor (1480-1524) (Braga 1911:648-659; Ramalho 1972:1-5).

[14] Jupiter, hoofgod van die Romeine, het talle titels gehad, onder andere *Tonans* (donderaar) en *Fulgur* (van die weerlig). Hy gooi die donderblitse wat deur Vulkanus, die god van vuur en smeewerk, in die werkswinkel onder die krater van Etna gemaak is (Harvey 1969; Van Reeth 1994).

[15] Die seenimf Thetis is deur Zeus en Hera (koningspaar van die gode, maar ook broer en suster) grootgemaak en deur hulle verplig om met Peleus, die koning van Phtahia, te trou. Thetis en Peleus was die ouers van Achilles. Thetis was die dogter van Nereus, die "ou man van die see" (volgens Homeros) en Doris (Harvey 1969; Van Reeth 1994). Die ooreenkomste tussen Camões se fatale liefde vir 'n hofdame aan die koninklike hof van João II in Lissabon en sy gevolglike verbanning na die Ooste en Adamastor se liefde vir Thetis en sy verbanning na die suidpunt van Afrika skyn meer as blote toeval te wees. Trouens, Adamastor het die verpersoonliking van Camões se mislukte liefdesverhouding geword (De Kock 1957:140; Gray 1979:24-26 & 36; Potgieter 1970:17; Bergh 1988:23).

[16] Phlegon (die brandende een), Pirois (die vurige), Eoüs (die oostelike) en Æthon (die vlammende) is die vier perde wat die strydwa van die son trek (Harvey 1969; Van Reeth 1994).

[17] Bahia de São Bras (huidige Mosselbaai) 25 November 1497 (Ferreira 2005:34).

## BIBLIOGRAFIE


Atkinson, W. C. 1952. *The Lusiads: Luis Vaz de Camoens.* Harmondsworth: Penguin.

Aubertin, J.J. (translator) 1878. *The Lusiads of Camõens translated into English verse*, I & II. London: Kegan Paul.

Axelson, E (Ed). 1998. *Vasco da Gama: the diary of his travels through African waters, 1497-1499*. Somerset West: Stephan Phillips.

Bacon, L. (translator). 1950. *The Lusiads of Luiz de Camões*. New York: The Hispanic Society of America.

Bergh, J.S. (red.). 1988. *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*. Pretoria: De Jager-HAUM Uitgewers.

Braga, T. 1911. *Camões: a obra lyrica e épica*. Porto: Chardron.

Brink, A.P. 1970. *Fado: 'n reis deur Noord-Portugal*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.

Brink, A.P. 1988. *Die eerste lewe van Adamastor: 'n novelle*. Kaapstad: Saayman & Weber.

Da Fonseca, A.W. (übersetzer). 1879. *Die Lusiaden. Epos in zehn Gesänge von Luis de Camões*. Leipzig: Philipp Reclam.

De Castro, A.P. 1972. *O episódio do Adamastor; seu lugar e significação na estrutura de "Os Lusíadas"*. Lisboa: Comissão Executiva do IV Centenário da Publicaço de "Os Lusíadas".

De Kock, W.J. 1957. *Portugese ontdekkers om die Kaap: die Europse aanraking met Suidelike Afrika, 1415-1600*. Kaapstad: Balkema.

De Oliveira, J. 1962. *A primeira sugestão do mito de Adamastor (Gil Vicente e Luísiade de Camões – breve estudo comparativo)*. Lisboa: Ocidente.

De Sa, E.M. (redator). 1898. *De Portugal á India. A viagem de Vasco da Gama: Trechos que mais se prendem com o assumpto, tirados do poema de Luiz de Camões "Os Lusiadas" acompanhados de versões em hespanhol, italiano, francez, allemão e inglez*. Lisboa: Typographia Castro Irmão.

De Sousa, R. 1972. *Philosophical implications of Camões' use of the Classical mythological tradition in the Adamastor episode of Os Lusíadas*. Lisbon: Junta de Investigações do Ultramar.

Dos Santos, C.L. 1984. *A denominação "Adamastor" em Os Lisíadas*. Ponta Delgada: Universidade dos Açores.

Eppstein, J. 1967. *Portugal: the country and its people*. London: Queen Anne Press.

Ferreira, O.J.O. 1995. *Adamastor, gees van die Stormkaap, met 'n Afrikaanse verwerking van die Adamastor-gedeelte uit Os Lusíadas van Luis de Camões*. Pretoria: Eie uitgawe.

Ferreira, O.J.O. 2002a. *Die roemryke lewe van Francisco de Almeida (ca.1450-1510) en sy roemlose sterwe aan die Kaap die Goeie Hoop*. Kaapstad: Casteel Militêre Museum.

Ferreira, O.J.O. 2002b. *Stranding van die São João: lotgevalle van Manuel de Sepúlveda en sy medeskipbreukelinge aan die Suidooskus van Afrika, 1552-1553*. Jeffreysbaai & Pretoria: Adamastor.

Ferreira, O.J.O. 2005. *Dias, Da Gama en die Khoikhoin: 'n ontmoeting van kulture aan die suidpunt van Afrika*. Jeffreysbaai & Pretoria: Adamastor.

Figueiredo, A. 1988. *Bartolomeu Dias, 1488-1988*. Lisboa: Comissão Nacional para as Comemorações dos Descobrimentos Portugueses.

Gray, S. 1979. *South African literature: an introduction*. Cape Town & London: David Philip.

Gray, S. 1980. *Camoens and the poetry of South Africa*. Johannesburg: Oppenheimer Instutute for Portuguese Studies.

Harvey, P. 1969. *The Oxford companion to Clasical literature*. Oxford: University Press. Immelman, R.F. 1936. Kaapland in die gryse verlede: Adamastor – gees van die Stormkaap. *Die Huisgenoot*, 20 (743), 19 Junie.

Letzring, M. 1973. *The Adamastor episode and eighteenth century aesthetic theory of thesublime in England*. Lisboa: Comissão Executiva do IV Centenário da Publicação de "Os Lusíadas".

Mickle, W.J. & E.R. Hodges (translators. 1907. *The Lusiad or the discovery of India. An epic poem translated from the Portuguese of Luis de Camoëns with a life of the poet*. London: George Bell & Sons.

Moura, V.G. 1989. Luis de Camões: the eventful life and times of Portugal's great epic poet. *The Courier*, 42, April:25.

Nowell, C.E. 1952. *A history of Portugal*. New York, London & Toronto: D. Van Nostrand.

Pierce, F. 1972. *Camões' Adamastor*. Oxford: Dolphin Books Co. Ltd.

Potgieter, D.J. (ed) 1970. *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, I. Cape Town: Nasou.

Ramalho, A. da C. 1972. *Sobre o nome de "Adamastor"*. Lisboa: Junta de Investigações do Ultramar.

Robinson, E.F. 1922. *With the Da Gamas in 1497: a story of adventure told from the South African point of view*. Cape Town: Juta & Co., Ltd.

Salema, I. & L.L. de Lima 1990. *Lisboa de pedra e bronze*. Lisboa: Difel.

Smith, M. van W. (ed.). 1988. *Shades of Adamastor: Africa and the Portuguese connection*. Grahamstown: Institute for the Study of English in Africa, Rhodes University, & National English Literary Museum.

Stephens, H.M. 1891. *Portugal*. London: T. Fisher Unwin.

Stoppendaal, L. (vertaler). 1777. *De Lusiade van Louis Camoëns; heldendicht in X zangen naer het Fransch*. Middelburg: Willem Abrahams, & Amsterdam: G. Warnars.

Taylor, L.C. (ed.). 1990. *Luis de Camões: epic and lyric*. Carcanet: Calouste Gulbenkian Foundation.

Van Reeth, A. 1994. *Ensiklopedie van die Mitologie*. Kaapstad: Vlaeberg.
Welch, S.R. 1948. *South Africa under John III, 1521-1557*. Cape Town: Juta.
Wohlrabe, R.A. & Krusch, W. 1965. *Portugal and her people*. London: Lutterworth.